

## WEGBREEKGROEP UIT DIE KAAP - 'N PROTES VAN 'N ANDER KLEUR

**DURBANVILLE** - Berigte wil dit hê dat nog 'n wegbreekgroep eersdaags die Kaap en omgewing verlaat. Hierdie trekkers word soos van ouds aangevoer deur 'n Potgieter, ene Kommandant Andrew Potgieter uit die Kuilsrivieromgewing.

Sover vasgestel kan word protesteer die aanvanklike groep van elf teen die gejaagte lewe in die stad. Dit is volgens ingeligte bronne veral die pensionarisse in die groep wat aktief teen hul vol programme protes-teer.

Op 'n vraag of dit weer 'n geval van *kaalvoet oor die Drakensberge is*, het 'n lid van die groep, wat om verstaanbare redes anoniem wil bly, soos volg gereageer: "Nee my vriend, ons Kommandant het tonnelvisie. Ek sou sê hierdie keer is dit eerder *in skaapvelpan-toffels met die Hugenote tonnel deur die Drakensteinberge.*"

Na wat vasgestel kon word, is die groep nie so homogeen soos vermoed. Daar is skynbaar ook Engelse uit die Helderbergkom wat kwalifiseer om in die groep opgeneem te word. Op navraag het Mnr Wally Townsend soos volg reageer: "Although my children and grandchildren are in Australia and we speak English when we visit them, my mother was a 'boerenooi'. So I believe 'my mother tongue' granted me the opportunity to join this lovely group of people of CCSA." "Oh, and I play golf in Afrikaans as well!"

Mev Sue Townsend het egter haar ongelukigheid met ons korrespondent gedeel. In haar woorde: "I honestly suggested that Andrew Potgieter, our leader, should rather be called *Commander in Chief* and wear a red overhual and red beret instead. This will be politically correct to lead CCSA, Colonial

Comrades South Africa. When I confronted him, he stood there with a waving PW Botha finger saying: "No my dear. I'm afraid what you see is what you get!" "Die Potgieters was nog altyd dwarstrekke"- Sue se kommentaar in keurige Afrikaans.

Kommandant Potgieter beskou die komende trek as 'n beweging wat groot hoogtes kan bereik. Die ossewaens van ouds maak plek vir praktiese boswaens en luukse karavane. Kragtige V6 Turbos wat oor teerpaaie dreun, vervang die stadige osse wat aanstap deur die stowwe.

Volgens Potgieter sal die groep vanaf 'n bekende 1-Stop vulstasie naby Joostenbergvlakte vertrek. Hulle eerste laertrek sal by Guano Caves net buite Montagu wees. Hul poog om teen 16:00 daar te wees wanneer die engel die warm water roer en die gesondheidgestremdes hul pyne kan verlig.

Ons korrespondent sal die sake daar fyn dophou aangesien daar 'n onrustigheid in die laer is oor die kwotastelsel. Voorheen benadeeldes in die groep word nog steeds uitgesluit van die lidmaatskap by 'n bekende wynkelder in die Paarl wat vloei-bare verversing teen afslagpryse aan lede beskikbaar stel.

Volgens Potgieter sal die Trekkers se penkoppeningmeester, Pierre de Waal, nog agterryers by die groep inlaat, mits hul bewys kan lewer dat hul begrotings eie finansiering toelaat.

Ons het net voor druktyd verneem dat Media24 daarin geslaag het om deur een van sy korrespondente met skuilnaam, *Speek*, die groep te infiltreer. Lesers sal dus eerstehands deur *Speek* ingelig word.

(DistriksPos)

## GUANO CAVES SORG VIR ONVERGEETLIKE AFSKOP

**MONTAGU-** Vrydag 12 Julie kom die trekkerslede met gereelde tussenposes by die 1-Stop vertrekpunt aan. Die Wimpy verskaf 'n aangename ontbyt vir diegene wat vroeg aankom. Ander lede geniet slegs die kenmerkende Wimpy Boeretroos.

Pierre deel A5 grootte viniel nommers uit wat regs agter op elke karavaan moet verskyn. *Speek* verneem dat die doel van die nommers drieledig is: *Eerstens* bepaal dit die volgorde waarin lede die toerleier, Andrew Potgieter, volg – voortaan sal hy as Nommer Een bekend staan. *Speek* sal met 'n nommer twee ry wat volgens stout Deon baie meer ongemaklik is as om met 'n nommer een te ry; *Tweedens* beteken dit dat as jy nie meer die nommer voor jou op die karavaan in die pad kan sien nie, jy vinniger moet ry, maar ook terselfdertyd langs die pad moet begin soek; *Derdens* sal die nommers tot hulp wees om die lede na 'n laat-aand kuier om die vuur by hul eie karavane te laat inklum.

So lei Nommer Een die groep in numeriese orde deur die Hugenote tunnel via Rawsonville tot by Robertson vir 'n kort pitstop. Dis toe hier wat nommer elf, Ebo en DonnMare verby ry. *Speek* verneem dat die Motorhome toe eers momentum gekry het en dat hulle 'n kans gesien het om op nommer een te ry, al sou hul dit nie, volgens DonnMare, verder as 18 km kon volhou nie. Haar Wiskundige berekening was toe in die kol, want by Ashton se uitstaltrein haal Nommer Een en die groep hul in. *Speek* wil net terloops ook meld dat Nommer Een nie kan verwag dat sy karavaan se ligte sal brand as hy nie sy Discovery se ligte in die tunnel aanskakel nie.

By Guano Caves se ingang word die groep baie vriendelik ontvang. Potgieter se reëlins het tot op die minuut gerealiseer. Vandaar was dit stadig met die kronkelpad tot by die kampeerterrein met 'n pragtige uitsig oor die vallei. Die Klein Karoo KSA Boland toer waarna almal gesmag het, is uiteindelik 'n werklikheid.

Dit is gepas vir *Speek* om die leser aan die groep bekend te stel:

*Sewe pare van KSA Boland:*

Andrew en Corrie, Pierre en Cairen, Johan en Annetjie, Allen en Leonie, Polla en Valerie, Ebo en DonnMare en Wally en Sue.

*Twee pare van CCSA Good Hope:*

Brian and Lynda and Kevin and Lyn. (Wally and Sue were thus joined by another four English compatriots)

*Twee pare van KSA Tygerberg:*

Deon en Erika en André en Marie

Dis nogal 'n aardigheid vir *Speek* om dop te hou hoe lede behendig die karavane parkeer. Die meeste het "caravan movers" aangeskaf. Ek weet nie of daar 'n goeie Afrikaanse vertaling is nie – seker maar iets soos *meganiese karavaanstoters*. Afleiding: As jy nie 'n "mover" het nie, moet *spierstoters* jou mos bystaan.

Guano Caves se bestuur het sedert die vernietigende veldbrande baie gedoen om die geriewe te herbou. Die verskeie kouewater swembaddens is 'n lushof vir die oog. Die onderdak warmwater swembad kom hierdie wintergroep goed te pas. Die spontane bymekaarkom op die terras langs die swembad en benutting van 'n spyskaart met 'n groot verskeidenheid geregte, sorg vir lekker ontspanne oomblikke. Pierre en Carein se "platter for four" met die oranje eiers en Pierre se huiwering om te waag, lei tot 'n vinnige Biologie les deur Annetjie wat op haar dae die vak tot matriek onderrig het.

Pierre weet nou die porieuse eierdoppe absorbeer die kleur as die eiers in gekleurde water gekook word.

Polla se poging om 'n ou vissie te vang, lewer nie sukses op nie. Die eende op die dam geniet eerder sy aas wat na aan die oppervlak ronddobber.

Dit was ook gou duidelik dat die *ALL Knitting Group* nog baie vaardighede en patrone gaan deel. Dis nou Annetjie, Lyn en Lynda wat kranige breiers is.

Saterdagavond se gesamentlike braai word deur alle lede bygewoon en lewer baie pret. 'n Mens sal jou dit nie kan voorstel dat lede van verskillende streke wat nou vir die eerste keer mekaar leer ken, so spontaan verkeer nie. Dit weerspieel beslis iets van die kwaliteit kampeerdere wat KSA oplewer. *Speek* ontdek dat André en Marie Croucamp se kinders by hom op skool was. Wat 'n klein wêreld! André bieg dat hy nie eintlik 'n 'camper' was nie. Toe koop Marie 'n karavaan – nou is hy waar hy is. Op versoek deel ou Pierre weer die grappie van die Japanese privaat speurdertjie met sy "he follows she, me fell out of tree" Net ou Pierre mag die grappie vertel! Later die aand deel Andrew sy dramatiese ervaring met slange. Dis toe dat *Speek* 'n koue, klam elektriese koord onder sy kortbroek laat inkruip. 'n Ratse olimpiese sprong en sopraan gilletjie volg tot groot vermaak van die vuurgangers.

Stiptelik 09:30 Sondagoggend verlaat ons Guano Caves en laat ons agter mooi herinneringe. Ons neem egter met ons saam nuutgevestigde vriendskappe wat die ruggraat van ons saamwees in die komende dae sou word.

Teen 10:30 val ons Barrydale binne en die karavane belyn die R62 wat deur die dorp loop.

In die winterson op die restaurant se stoep deel sommige van ons 'n porsie wortelkoek gedagtig aan die beloofde middagete by Algerynskraal.

Dit is met sorg dat Andrew Potgieter soos 'n verkenner van ouds die roete beplan- en dit op eie koste selfs vooraf gery het. Die groeplede is voortdurend op die hoogte gehou oor alle inligting deur eposse en die stigting van 'n Whats App KSA Boland toer-groep. Sy onderhandeling met die eienaar van Algerynskraal het die volgende spyskaart opgelewer en is vooraf aan die groep gekommunikeer:

*Skaapbredie*

*Hoenderpastei*

*Rys*

*Groenboontjies*

*Pampoenkoekies*

*Blomkool met kaassous*

*Aartappel- en beetslaai*

*Grenadellatert en Vrugtepoeding met vla*

Algerynskraal padstal is 'n moet vir enige verbyganger. Genoemde spyskaart is smaakvol en in oorfloed aan ons voorgesit. 'n Mens kan jouself moedeloos eet. Vra maar vir Deon wat nie kans gesien het vir 'n tweede opskep nie. Polla het sy nagereg verruil vir 'n tweede skep van die voortreflike hoender-pastei.

Na hierdie boeremaal moes Boer en Brit in die groep, nou dik vriende, vir 'n groeppfoto vir Algerynskraal se webtuiste poseer.

Nommer een se beplanningskedule het aangetoon dat ons teen 15:00 Oudtshoorn sou bereik. Presies 15:00 trek ons by Kleinplasia se ingang in.

## **KLEIN KAROO TOER NIE ONTWRIG DEUR VOËLGRIEP**

**OUDTSHOORN** - Daar is gevrees dat die KSA Boland se wintertoer deur die gevreesde voëlgriep ontvogel kon word. Statistiek toon egter dat dit meestal jonger voëls is wat die griep opdoen. Die toer word hoofsaaklik deur ouer lede meegemaak.

Simptomaties van die griep is 'n kuggie en 'n droë snawel. Kenners wil dit hê dat die griep lei tot moegheid en in erge gevalle tot totale ongeskiktheid. Jou vlerke word eensklaps geknip. 'n Ernstige waarskuwing word gerig dat verwaarloosing van die simptome kan lei dat veral ouer voëls nie meer kan vlerksleep nie. Hoewel hierdie voëls volgens Andrew, die finansiële risikobestuurder in die toergroep, nie vir ongeskiktheidsvoordele kwalifiseer nie, is hulle weens hul bepaalde gestremdheid volgens die diensbillikheidsbeginsel, in 'n gunstiger posisie.

Plaaslike "aptekers" beveel aan dat die simptome verlig kan word deur die *matige* inname van bekende preparate, maar maan ook dat die *oormatige* gebruik, 'n ou voël kan laat sweef soos 'n arend. *Speek* wonder of dit nie dalk ook goed sou wees om voorkomend van die preparate gebruik te maak nie. Gedagtig aan die verbruik by Guano Caves, het die toerlede al reeds 'n goeie immuniteit opgebou.

Die toerbestuur wens die toerlede 'n aangename verblyf in Oudtshoorn toe. Lede is reeds ingelig oor bekende toeriste attraksies wat hul kan besoek.

Aangekom by Kleinplasia na 'n stewige maal by Algerynskraal bleik dit aanvanklik dat niemand die Sondagaand gaan eet nie. Die probleem is dat as een 'n vuurtjie opsteek, voornemens in die niet verdwyn. Wat is nou geselliger as 'n vuurtjie met van die genoemde aanbevole voorkomende preparate in die hand. Wie wil dan nou al ongeskik raak!?

Maandagoggend breek aan. Die weer beloof weer om soos sedert die begin van die toer onverdiend gunstig te wees. Wilgewandel bied 'n onvergeetlike ervaring aan 'n groepie toerlede. Buffelsdrift stel ook nie teleur nie. Ebo beleef Oudtshoorn eintlik vir die eerste keer en is baie beïndruk. Hy meld dat veral die netheid van die dorp opval.

Deon, KSA Tygerberg se nommer een, het ander planne. Hy daag by die kampterrein op met vier volstruiseiers. Sekerlik sal hy en Erika dit nie alleen baasraak nie. Deon se visie: 'n gesamentlike groepontbyt op die terras met 'n uitsig oor Hartenbos se see. Die voorstel word met groot entoesiasme ontvang.

Maandagaand reageer Andrew, wat glo aan deelnemende bestuur, op 'n voorstel dat 'n staanplektrekking vir Hartenbos gehou sal word aangesien slegs vyf seeuitsig staanplekke beskikbaar is. Die trekking vind die aand by die kampvuur plaas. Die belangraste van die uitslag is die feit dat Deon met die vier groot eiers 'n seefront staanplek trek. So sy visie van 'n groepontbyt met 'n uitsig oor die see, kan nou beslis realiseer.

Dinsdagoggend - eet sal ons eet. Andrew se organisasie sluit 'n geborgde ontbyt by Kleinplasia se restaurant in. Wat 'n fees!! So pak ons Robinsonpas op pad na Hartenbos in numeriese orde.

## **KSA BOLAND NEEM INTREK BY ATKV C-TERREIN**

**Hartenbos** - Na 'n pragroete arriveer ons by ons kampterrein op Hartenbos in weereens windlose sonskyn weer. Die Vader het ons tot dusver met veilige reis, pragtige natuur en onverbeterlike weer geseën. Die beste moes nog kom.

Vroeg Dinsdagaand brand die vreugdevure reeds vroeg en lede kuier oor en weer. Soos die donker intree, brand die vuurtjies al hoe duideliker. En dan...

*Op die donker see se wye horison -  
'n skrefie lig ... dis die maan aan't kom.  
Terwyl die Skepper aard' en maan  
plaas op hul eie wentelbaan,  
is ons in afwagting vir die volle glans  
wat in die ruising van branders dans.*

*En dan ontbloot die maan sy volle ronding.  
So volmaak, Skepper vir geloof, begroning.  
Wie is ons dat U ons bederf met sulke prag -  
beleef die wonder - die skepping en U mag.  
Geleid'like groei van die maan het geen keer.  
Ons kan dit digitaal vasvang, maar nie beheer.*

*Op die donker see se wye horison -  
'n skrefie lig ... dis die daeraad aan't kom.  
Oranje, geel en pink verkleur die lug.  
Dis tyd vir die volle maan om te vlug  
van die son - van warmte en lig die bron  
vanwaar die natuur en mens energie bekom.*

Dis Dinsdag, 'n asemrowende sonsopkoms en dis die dag vir Deon en sy eierontbyt. Teen 10:00 staan die braaipanne, gasskottels, en preparate in die vorm van sjampanje en lemoensap op plot nommer twee gereed. Dit is weereens 'n windlose sonskyn dag met die kalmte van die water wat telkens versteur word deur drie walvisse wat hul blink lywe aan ons vertoon.

Pierre soek die een eier se dop vir sy kleinkinders en daag met 'n boor met 'n splinternuwe boorpunt op. So skud Pierre en Deon die groot geboorde eier om die beraamde 24 hoendereiers uit die volstruisdop te kry. Foto's toon bewyse dat dit nie aanvanklik nie so maklik gegaan het nie, maar Pierre se kleinkinders is uiteindelik hul volstruisdop ryker.

Andrew, Deon en Erika toon hul vaardighede met die maak van 'n heerlike frittata waaraan daar met oortuiging gesmul is.

Dinsdagaand herhaal die volmaan sy vertoning van die vorige aand. 'n Rondloperhond se gemoed raak ook vol en sommige kampeerdere word middernag gewek deur 'n siellose tjank. Woensdag maak Deon geen geheim daarvan dat hy, desnieteenstaande 'n moontlike klag deur die DBV, die hond sal vermoor. By navraag moes *Speek* verneem dat die hond sy splinternuwe sandale se 'straps' afgevrete het. Teen die aand lewer Polla en Valerie ook kommentaar. Hulle is selferkende geboortepak slapers. Polla vertel dat hy die nag na die hond se gehuil iets by sy ryfwoordende visaas gehoor het. Hy vertel dat hy met die uitstroom uit sy karavaan eers bewus geword het van sy Adamsgrawad en moontlike blootstelling, sou Corrie aan die oorkant ook op dieselfde tyd haar verskyning maak! Die hond moes sy g@t af geskrik het, want Johan en Annetjie het die hond die volgende môre tydens hul voegoggend stappie naby die Hartenbosrivier gekry. *Speek* wonder wat sou gebeur as Valerie ook saam met Polla uitgestroom het. Die stomme hond sou seker nie voor Kleinbrak tot stilstand gekom het nie!

Die weer was ons goedgesind tot Donderdagaand. Die meeste groeplede was teen Donderdagaand reeds opgepak, gereed om die laaste skof na Montagu aan te pak. Ons neem vlugtig afskeid van Deon en Erika wat vroeg moet vertrek om KSA Tygerberg kampeerdere Vrydag by Watergat te ont-moet. Polla en Valerie moes ook weens familieverpligtinge agterbly.

Vrydagoggend verlaat ons Hartenbos in hewige stormwind en het as eerste stop Buffeljagsrivier vir roosterkoek soos deur Nommer Een met oortuiging aanbeveel.

## **MONTAGU KARAVANPARK BIED DIE VESTING VIR AFSLUITING**

**MONTAGU** – *Speek* bewonder die deursettingsvermoë van die KSA toergroep. Swak weer is altyd 'n risiko veral in die wintermaande, maar die oorgawe en toewyding manifesteer eers wanneer koue, wind en reën hanteer moet word. Tog, ten spyte van reën het die vure Vrydagaand reeds vroeg op die onderste terras vrolik gebrand.

Nommer Een het die hoër terras verkies om sodoende te verhoed dat die nie-toerlede wat op Montagu sou aansluit, nie uitgesluit voel as hulle alleen op die terras moet opslaan nie. Wetende dat Nommer Een graag almal gelukkig wil hou, het *Speek* en Allen egter so 'n bietjie onrus in Nommer Een se gemoed gesaai. Volgens hulle was daar 'n ongelukkigheid in die onderdorp dat hy hom eenkant in die bodorp vestig. Onnodig om te beskryf teen welke spoed daar 'huisbesoek' in die onderdorp plaasgevind het!

Dit was voorwaar 'n voorreg vir *Speek* om vir Nico, Ilze end hul kinders sowel as André en Alta te ontmoet. Saterdag was 'n dag van voorbereiding vir die aand se gesamentlike kuier met die hoop dat die Bokke tog kon bydra om die gees nog hoër te lig. Nommer Een het weldra goedkeuring verkry dat ons die saaltjie met binnebraai en kaggel die aand kon gebruik. Wat 'n fees! Die Bokke het gesorg dat die vreugdevure letterlik hoog gebrand het. Volgens Corrie is Andrew blykbaar goed om 'n vuur aan die brand te hou.

Sondagoggend 10:00 was dit die laaste bymeekaarkom. *Speek* is beïndruk dat lede gebruik word om 'n oordenking te lei alvorens die voorsitter sy bydrae lewer en die groetwoord spreek. 'n Kollekte word ingevorder vir skenking aan 'n behoeftige organisasie. Lede ontvang by die geleentheid

hul toekennings en tong-in-die kies boetes vir skynbare 'oortredings'. *Speek* moes beleef hoe Wally en André onder andere beboet word omdat hulle vleis Saterdagdaand laaste gereed was om te eet. Hul vrouens het na verneem word die klag gelê. Volgens Pierre, die tesourier, gaan die boetes vir 'n goeie saak – die Kerse!

*Speek* wil saamvat. Wat 'n ervaring wat deur deeglike organisasie van KSA Boland en by name Andrew Potgieter en die bestuur onder die wakende oog van KSA Nasionaal moontlik gemaak word! Laasgenoemde moet gelukkigwens word dat die Nasionale-, Provinsiale- en streekstrukture positiewe ontspanning aan kampeerders bied veral ten tye van 'n negatiewe klimaat wat ons land beleef. Doen so voort!

Toergroete

Johan (*Speek*) Steyl KSA no. 58671